Laerskool Roodekrans

BRIEF:20161201

1 Desember 2016

Geagte Ouers

Ons is baie opgewonde dat u Laerskool Roodekrans as u kind se skool gekies het. Ons glo en vertrou dat u sommer gou deel sal voel van ons Roodie-familie en dat daar nog baie gelukkige jare vir u en u gesin hier by ons voorlê. Hier volg slegs 'n paar reëlings t.o.v. ons **eerste skooldag Dinsdag 10 Januarie 2017**.

Plakkers wat verskaf deur die skool aan elke leerder.

Die pakket soos beskryf deur die verskaffer op hulle webtuiste.

Elke leerder ontvang 165 plakkers.

- 25 Iron-on/Sew-in Clothing Labels. Usage: Iron-on labels that can be sewn in too. Use on Blazers, Ties, Shirts, Dresses, Jerseys, Hats, Skirts, Shorts etc.
- 48 Wrap-around Pen & Pencil Labels. Usage: Pens, Pencils, Roll Ups, Kokis, Tippex Pens, Paint Brushes, Pencil Crayons.
- 25 Multi-purpose Vinyl Labels. Usage: Lunch Boxes, Juice Bottles, Pencil Boxes, Sports Equipment, Glue Sticks, Rulers, Highliters, Staplers, Calculators, Laptops.
- 40 Micro Labels. Usage: Flash Disks, Scissors, Sharpeners, Erasers, Tippex, Cell Phones, Watches, etc.
- 20 Book Labels. Usage: Diaries, Files, Exercise Books, Text Books, Flip Files, Exam Pads, etc.
- 6 Shoe Shields. Clear Laminate To Place Over Multi-Purpose Label. Usage: School Shoes, Running Shoes, Soccer Boots, etc.
- 1 Bag Tag. Usage: School Bags, Sports Bags, Travel Bags

Huidige Gr. R-leerders van Roodekrans sal hulle plakkers vir 2017 saam met hulle rapporte ontvang.

Nuwe Gr. 1-leerders van 2017 kan hulle plakkers op **Woensdag, 7 Desember** tussen 08:00 en 09:00 kom afhaal in die kantoor by Me. Theolene Pienaar.

H/v Wilde Amandellaan en Gardeniastraat, Roodekrans
Telefoon: 011 764-2920 / 2921 / 2931 • Faks: 011 764-2207 • Posbus 2152, Wilropark 1731
e-pos: hoof@roodekranslaer.co.za • www.roodekrans.net

Laerskool Roodekrans

Graad 1's se eerste skooldag:

Dinsdag 10 Januarie 2017 is dit vir alle Graad 1-leerders hulle eerste skooldag. Die skool begin om 07:30, en u kind se juffrou sal haar/hom in die klas ontvang vanaf 07:00. Die skool sluit slegs hiérdie betrokke dag om 12:00 en dan daarna elke dag normale tyd om 13:00.

Klasse:
G 1 – Me Antoinette Rousseau
G 6 – Me Annatjie Hattingh
G 8 – Me Rozelle Gray
G 13 – Me Tanie Janse van Rensburg
G 15 – Me Ané Rossouw
G 20 – Me Ella Steinmann

Gr. 1- Foto's:

Dinsdag 10 Januarie 2017 is fotodag.
Individuele foto's: Daar word foto's van alle Graad 1- leerders geneem.
Die foto-pakket bestaan uit – 1 A5-vergroting
1 Jumbo-foto
2 ID-foto's
1 Boekmerk
Die pakket beloop R90-00. Plaas asb. die korrekte bedrag in 'n koevert met die leerder se naam bo-op en stuur dit skool toe voor of op 3 Februarie 2017. Indien u 'n dubbele pakket wil hê, dui dit asseblief op die koevert aan met 2 x R90 ingesluit.

Gesinsfoto's (opsioneel) word geneem vanaf 07:00-08:00 in die volgende lokale.

K45 – Me Mariëtte van Heerden se klas en in
K43 – Me Hanneke Dreyer se klas.

Foto(13x15) beloop **R50 per foto**.
Plaas asb. die korrekte bedrag in 'n koevert met die leerder se naam bo-op. Alle fotogelde is betaalbaar voor of op 3 Februarie 2017.
Gesinsfoto's word slegs tot 08:00 geneem, waarna alle leerders na hulle klasse gaan. Ouers beweeg dan na die saal toe, waar die spreker Ds. Johan Smith die jaar op 'n gepaste wyse afskop om 08:30.

Klasfoto's sal eers **later** geneem word en dan kan leerders dit bestel.

H/v Wilde Amandellaan en Gardeniastraat, Roodekrans
Telefoon: 011 764-2920 / 2921 / 2931 • Faks: 011 764-2207 • Posbus 2152, Wilropark 1731
e-pos: hoof@roodekranslaer.co.za • www.roodekrans.net

Laerskool Roodekrans

Inligtingsaand:

Woensdag, 11 Januarie 2017 is dit reeds ons Graad 1's se eerste **verpligte oueraand om 18:00** in die onderskeie Gr. 1-klasse. Bring asseblief skryfgoed en u kind se dagboek saam. Indien dit moontlik is verkies ons dit dat u verblyf vir u kind sal reël.

Atletiek:

Saterdag 14 Januarie 2017 het ons Huissport by Laerskool Roodekrans. Alle Graad 1-leerders neem deel. Leerders kom met atletiekdrag skool toe (enige gekleurde T-hemp en LO-broekie). Alle leerders moet **7:40** by hulle betrokke onderwyseres aanmeld op die rugbyveld onder die Gazebo. Alle leerders gaan die 60m hardloop. Indien leerder 'n stempel op die hand kry, moet hulle asb. wag en nie huis toe gaan nie, omdat hulle weer gaan hardloop. Leerders wat die 60m finaal hardloop, hardloop ook die 80m finaal. Die Snoepie sal oop wees gedurende hierdie byeenkoms.

Baie dankie dat ons op u positiewe samewerking kan staatmaak.

Groete

A. ROUSSEAU	A. VAN BILJON	G.G. ROUSSEAU
GRAADORGANISEERDER	GRONDSLAGFASEHOOF	HOOF

H/v Wilde Amandellaan en Gardeniastraat, Roodekrans
Telefoon: 011 764-2920 / 2921 / 2931 • Faks: 011 764-2207 • Posbus 2152, Wilropark 1731
e-pos: hoof@roodekranslaer.co.za • www.roodekrans.net